



VROUEBEDIENING WES-KAAPLAND

Kom wees deel van Vroue met Vlerke se 3-ling groepe





Wat is 'n 3-ling groep?

3-ling groepe is 'n voortsetting van die geloofsreis: Vroue met Vlerke.

Wat is die doel van die 3-ling groepe?

Ons wil vroue aanmoedig om hul vlerke los te maak, te sprei en hulle gawes te gebruik om 'n verskil te maak in hul gemeentes en die gemeenskap. Ons wil mekaar ook verantwoordbaar hou om geloofsvriendinne en volgelinge van Jesus te wees!

Hoe kan dit gebeur?

-  Deur luisterend die Bybel te lees en dit wat ons hoor met ons geloofsvriendinne te deel;
-  Deur die vroue van die Bybel se skone aan te trek en te hoor wat God deur hulle stories vir ons wil sê;
-  Deur met Eva se gebed te ontdek waarmee God tans met my besig is
-  Deur mekaar aan te moedig om raak te sien waar God reeds besig is en waar Hy ons storie wil deel maak van sy storie!

Vir wie sal die 3-ling groepe werk?

Vir elke vrou wat beskikbaar is vir 2 ander vroue en saam wil ontdek wat die Here vir hulle beplan.

Is daar duidelike riglyne vir die 3-ling groepe?

Ja. Ons gebruik die Vroue met Vlerke-geloofsreis as riglyn.

Vir hoe lank verbind ek myself aan die groep?




Ons vra dat vrouens 'commit' om vir ongeveer 7 kere bymekaar te kom en kan daarna besluit of die groep verder wil reis of nie.

Hoe gereeld kom 3-linge bymekaar?

Die ideaal is om 2-weekliks bymekaar te kom, maar minstens 1 maal per maand.






Saam met wie sal ek in 'n 3-ling groep wees?

Luister wagtend dat die Here vir jou wys wie jy moet vra as 'n geloofsvriendin:

-  Miskien is dit iemand wat jy tydens hierdie byeenkoms ontmoet het
-  Miskien is dit iemand wat al lankal in jou gedagtes is
-  Dalk dink jy aan een persoon en kan julle saam dink wie om nog te vra

'n Groep van ten minste 3 werk goed vir hierdie oefening.

Hoe kan 'n eerste ontmoeting lyk:

-  Reisreëls (VmV-pamflet) en 'commitment' aan mekaar
-  Check in: Hoe gaan dit?
-  Eva se gebed: Waar is jy?
-  Teksgedeelte: Lys van Bybelvroue (VmV-pamflet)
 - Klim in die Bybelkarakter se skoene in
 - Fokus terug op jou eie lewe
-  Bid saam

Welkom by ons reis saam met Hom!

*Kom ons maak ons vlerke los,
ontdek ons gawes en ervaar
hoe geloofsvriendinne mekaar
vashou, oplig en aanmoedig!*